


# LAERSKOOL GILL PRIMARY



## SKOOLDRAG

Voorkoms moet altyd netjies en in ooreenstemming met skoolreëls wees. Laerskool Gill-leerders moet trots wees op hul voorkoms en gedrag. 'n Leerder se hare, naels en klere moet te alle tye skoon en goed versorg wees.

# SKOOLDRAG

**Slegs goedgekeurde skooldrag is toelaatbaar.**



**Seuns: Somer** **Dogters: Somer** **Seuns: Winter** **Dogters: Winter** **Seuns: LO** **Dogters: LO**

1. **SOMER:**

**Seuns:** Kort grys skoolbroek, wit kortmou hemp met die skoolwapen, lang grys sokkies en swart skoolskoene met veters (geen stewels) of kaalvoet.

LO-drag: Gill-kortbroek, maroen Gill-sporthemp met wit sokkies en tekkies of kaalvoet. Indien 'n skoolsweetpak gedra word, is wit sokkies en tekkies verpligtend. **Kort sokkies wat nie sigbaar is nie is ontoelaatbaar.**

**Dogters:** Swart gingham Gill-skoolrok, kort wit sokkies en swart skoolskoene of kaalvoet. Meisies word toegelaat om kort, swart spanbroek onder die skoolrok te dra, maar dit mag nie sigbaar wees nie.

LO-drag: Gill kortbroek/skort, maroen Gill sporthemp, wit skoolkouse en tekkies **of** kaalvoet. Indien 'n skoolsweetpak gedra word, is wit skoolkouse en tekkies verpligtend. **Kort sokkies wat nie sigbaar is nie is ontoelaatbaar.**

2. **WINTER:**

**Seuns:** Lang of kort grys skoolbroek, wit langmou hemp, Gill-das, lang grys skoolkouse, swart skoolskoene met veters (geen stewels) en swart trui/Gill sweetpak-top.

LO-drag: Skoolsweetpak, Gill-kortbroek, maroen Gill-lang/kortmou-sporthemp met wit sokkies en tekkies. **Kort sokkies wat nie sigbaar is nie en onderbaadjies is ontoelaatbaar.**

**Dogters:** Grys skoolbroeke, wit langmou hemp, Gill-das, lang swart skoolkouse, swart skoolskoene en swart trui/Gill sweetpak top of Swart gingham Gill skoolrok, lang swart skoolkouse, swart skoolskoene en swart trui/Gill sweetpaktop.

LO-drag: Skoolsweetpak, Gill-kortbroek/skort, maroen Gill-lang/kortmou-sporthemp met wit skoolsokkies en tekkies. **Kort sokkies wat nie sigbaar is nie is ontoelaatbaar.**

3. Gill-sportdrag/skoolsweetpak word **slegs op die dae** wat leerders LO het, gedra.
4. **Wintersdrag** word amptelik en verpligtend vanaf 1 Mei tot 31 Augustus gedra.
5. **Skooldrag** is beskikbaar by The Sport Shop en Embroiderzelle.
   - The Sport Shop: 042 243 1282
   - Embroiderzelle: 042 243 1722
6. **Sportdrag** kan by die skool bestel word. Geen voorraad is by die skool beskikbaar nie, slegs voorbeelde om groottes te bepaal. **Bestellings word slegs geplaas wanneer 'n KONTANT betaling ontvang is.**
7. **Tweedehandse klerewinkel**: Ons moedig ouers aan om asseblief alle ongewenste/ongebruikte skooldrag te skenk om in ons tweedehandse winkel verkoop te word. Skenkings kan by die sekretaresse se kantoor afgegee word.

# SPORTDRAG

**SEUNS:**

**Athletiek:**
Swart Gill-sportbroekie
**of rugbybroekie**
en maroen Gill-sporthempie
of swart Gill-atletiekfrokkie

**Rugby:**
Swart rugbybroekie
en Gill-rugbytrui

**Krieket:**
Swart Gill-sportbroekie
maroen Gill-sporthempie
lang grys skoolkouse
'n kriekethoed/pet
en tekkies

**Tennis:**
Swart Gill-sportbroekie
maroen Gill-sporthempie
wit kouse
verkieslik wit tekkies
en swart Gill-pet

**Swem:**
Swart speedo
en **maroen swemkappie(verpligtend)**

**DOGTERS:**

**Athletiek:**
Swart Gill-sportbroekie/skort
en maroen Gill-sporthempie

**Netbal:**
Gill-sportbroekie/skort
maroen Gill-sporthempie
wit skoolsokkies
en verkieslik wit tekkies

**Hokkie:**
Swart Gill-sportbroekie/skort
maroen Gill-sporthempie (lank/kort)
lang swart skoolkouse
en tekkies

**Tennis:**
Swart Gill-sportbroekie/skort
maroen Gill-sporthempie
wit skoolsokkies
verkieslik wit tekkies
en swart Gill-pet

**Swem:**
Swart eenstuk swembroek
en **maroen swemkappie(verpligtend)**

| | |
|---|---|
| **Rugby:** | Spanne speel met geborgde rugbytruie wat deur die skool verskaf word. |
| **Krieket:** | Swart pette en wit hoede is by die skool beskikbaar. |
| **Dogters:** | Swart "peaks" is by die skool beskikbaar. |
| **Swem:** | Maroen swemkappie is by die skool beskikbaar. |
| **Hokkie:** | Elke meisie moet haar eie hokkiestok, skeenbeskermers en sokkies voorsien. |
| **Gholf:** | Elke speler moet sy eie gholfstokke voorsien. |
| **Skyfskiet:** | Elke speler moet sy eie geweer voorsien (4.5 Air). |

**BELANGRIK:**

1. Die **lengte** van die meisies se "skorts", moet in die **middel van die bobeen** wees.
2. Tydens **sportoefening,** moet meisies in 'n **skort/kortbroek en 'n T-hemp geklee wees. "Leggings/tights" en bandjies tops WORD NIE TOEGELAAT NIE.** Meisies moet gepas aantrek.
3. Wanneer leerders per bus reis, moet leerders te alle tye netjies in hul skoolsweetpak/sportklere geklee wees.

# SKOOLTASSE

1. Slegs **SWART of VLOOTBLOU (NAVY)** skooltasse met soliede afskortings binne-in word toegelaat.
2. Geen skool-trolliesakke word toegelaat nie.
3. Geen tekeninge, behalwe die **leerder se naam**, mag aan die buitekant van skooltasse wees nie.

# VOORKOMS VAN LEERDERS

Voorkoms moet altyd netjies en in ooreenstemming met skoolreëls wees. Laerskool Gill-leerders moet trots wees op hul voorkoms en gedrag. 'n Leerder se hare, naels, lyf en klere moet te alle tye skoon en goed versorg wees. Geen verrmde haarstyle sal vir meisies of seuns toegelaat word nie – geen jel of "punk-style" word toegelaat nie.

1. Seuns moet hul hare laat sny volgens die skoolvereistes, d.w.s. dit mag nie aan die kraag of ore raak nie. Geen geskeerde patrone, jel of enige ander onnatuurlike haarprodukte word toegelaat om hare te stileer nie.

2. Meisies met lang hare:
   - Hare moet in poniesterte gevleg of teruggebind wees (nie meer as twee nie);
   - Geen rolle of korwe word toegelaat nie;
   - Hare moet teen die kop gestileer word;
   - Alle haarbykomstighede, byvoorbeeld rekkies, linte en haarbande, mag slegs **maroen** of **swart** wees, sonder versierings.

2. Meisies met haarverlengings:
   - Haarverlengings mag slegs in **dun** vlegsels wees;
   - Slegs natuurlike kleur haarverlengings word toegelaat;
   - Hare moet in poniesterte gevleg of teruggebind wees (nie meer as twee nie);
   - Geen rolle of korwe word toegelaat nie;
   - Hare moet teen die kop gestileer word;
   - Alle haarbykomstighede, byvoorbeeld rekkies, linte en haarbande, mag slegs **maroen** of **swart** wees, sonder versierings.

3. Kuiflengte: Kort – 1cm bokant die wenkbroue;<br>Lank – teruggeknip of teruggehou met 'n haarbande.

4. Geen haarkleur en haarstreples word toegelaat nie – slegs natuurlike kleur word toegelaat.

5. Geen grimering en/of naellak mag gedra word nie.

6. Geen juweliersware, behalwe vir horlosies, mag gedra word nie. Meisies mag klein soliede goue/silwer oorbelle of klein goue/silwer oorbelle (nie groter as 1 cm in deursnee nie) in hul ore dra en slegs een "stud" of ring per oor mag gedra word.

7. Swart serpe en swart mussies mag gedurende die winter gedra word. Komberse wat om die lyf gedraai word, is **<u>streng verbode</u>**.

8. Die dasse van seuns en meisies moet te alle tye ten volle gebind wees.

9. Indien 'n leerder se **verjaarsdag** op 'n skooldag val, mag die leerder op daardie spesifieke dag gewone klere skool toe dra.

10. **<u>Civvies</u>: Dogters word <u>NIE TOEGELAAT</u>** om "leggings/tights", bandjies, geskeurde klere, hoë hakskoene, grimering of juwele skool toe te dra nie. Haarstyle moet gestileer word soos hierbo genoem. **Meisies moet gepas aantrek.**